



Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 33

DIE SAKRAMENTE

Die eerste saak wat ter tafel kom tydens enige gesprek oor sakramente het te make met die tasbaarheid van hierdie handeling. Die illusie bestaan by vele dat geloof, kerk en genade gewoon sake is wat op die geestelike vlak uitspeel. Die misleidende vraag of "kerk" die mense of die gebou is, is simptome van hierdie mistasting. Is geloof gewoon geestelik? Het ons by geloof met net die spirituele te make?

Enige soortgelyke vrae het as filosofiese onderbou die Platoniese dualisme. Plato se filosofie (oorvereenvoudig gestel) het redeneer dat daar twee ryke is te wete die fisiese ryk en die ryk van idees. Die fisiese is korrup en verganklik, terwyl die idees abstrak, ewig en volmaak is, aldus Plato. Dit is 'n dualisme van twee ryke wat diametraal teenoor mekaar staan. Hierdie filosofiese uitgangspunt dien as basis vir diegene wat geloof (en ons verhouding met God) wil reduceer tot gewoon net die geestelike. Die aardse word as sondig en verganklik gesien. Die hemelse is geestelik en verhewe. Dit is 'n baie eng benadering wat nie met die Skrif korreleer nie.

Daarteenoor is dit uit die Bybel duidelik dat ons nie so 'n simplistiese benadering kan handhaaf nie. Die mens is volgens Genesis 2 geskep as lewende wese (lewende siel of asem). Die Ou Testament is vol voorbeelde van fisiese handeling met geestelike implikasies of impak.

Die integrale benadering wat die NGB het, is duidelik uit die hantering van die tasbare en die nie-tasbare. Albei

dimensies is van gelyke belang in die teologie. Die gelyke belang van liggaam en gees is ook duidelik uit die belydenis wat stel dat ons glo in die wederopstanding van die vlees.

Die historiese agtergrond waarin Guido de Brès homself bevind het, moet in ag geneem word om die formulering en keuses van klem te verstaan. Na die een kant toe het die Anabaptiste stemming gemaak teen enige vorm van sakrament omdat hulle geglo het die Here werk deur Sy Gees direk met die mens in sy hart en dat daar niks anders nodig is nie. Na die ander kant toe het die Roomse kerk sewe sakramente gehad, met 'n mistiese klem op die verstaan van die sakramente. Binne die Reformatoriese tradisie was daar die klemverskil tussen die Lutherane en die (stroom later bekend as) Calvinistiese groepering.

Na die volledige stel van die artikel sal daar 'n bespreking van die inhoud gebied word. Die NGB teks is in **vetdruk**, aanhalings sal in *skuinsdruk* wees en die bespreking in normale teks.

Ons glo dat ons goeie God, omdat Hy met ons stompsinnigheid en swakheid rekening hou, die sakramente vir ons ingestel het om sy beloftes aan ons te beseël, om tekens van sy goedheid en genade teenoor ons te wees en om ons geloof te voed en in stand te hou. Hy het dit by die Woord van die evangelie gevoeg om vir ons uitwendige sintuies des te beter voor te stel wat Hy aan ons deur sy Woord te kenne gee en wat Hy inwendig in ons hart doen. So bekragtig Hy in ons die heil wat Hy aan ons meedeel. Dit is immers sigbare tekens en seëls van 'n inwendige en

onsigbare saak, en deur middel daarvan werk God in ons deur die krag van die Heilige Gees. Die tekens is dus nie sonder sin en sonder inhoud om ons te bedrieg of te mislei nie; hulle waarheid is juis geleë in Jesus Christus, sonder wie hulle geheel en al betekenisloos sou wees. Verder is ons tevrede met die aantal sakramente wat Christus, ons Meester, vir ons ingestel het en wat slegs twee is, naamlik die sakrament van die doop en die heilige nagmaal van Jesus Christus.

DIE SAKRAMENTE

Ons glo dat ons goeie God, omdat Hy met ons stompsinnigheid en swakheid rekening hou,

Die verwysing na ons goeie God moet nie verstaan word as 'n nuwe gedagte nie. Die inhoud van dit wat volg, maak dit duidelik dat God goed is, soveel meer so as ons grootste verwagting. Die beskrywing van sakramente begin met die Protestante verstaan van God se intensie met die instel van hierdie sakramente. Drie sake kom na vore; God as oorsprong, God se intensie en ons eie aard.

Die sakramente vind nie hulle oorsprong by die mens, sy behoeftes of gedagtes nie. Ons verstaan is dat dit God self is wat die sakramente ingestel het.

God se intensie slaan op ons aard. Dit is iets wat eie aan die mens is wat maak dat God die sakramente ingestel het. Elke sakrament het 'n eie doel, maar gesamentlik is daar ook 'n rede vir die instel (gee) van die sakramente.

Die mens se swakheid en stompsinnigheid (botheid, onsensitieweit) word as agtergrond gegee vir God se handeling. Ons lees in Romeine 7 van

Paulus se noodkreet dat hy 'n ellendige mens is wat in 'n doodsbestaan vasgevang is. Die rede vir die krisis van bestaan, is dat hy die goeie wat hy wil doen, nie doen nie. Die swakheid van die mens kan uit vele ander voorbeelde ook illustreer word. Daarmee saam moet ons die mens se onsensitiewe, amper bewustelose bestaan beklemtoon. Die beste voorbeeld van hierdie stompsinnigheid vind ons in Numeri 22 waar Bileam net geld sien en nie die Here kan sien wat sy pad versper nie. Dit kos 'n pratende donkie om Bileam uit sy stompsinnige dagdrome te ruk.

Die sakramente is in harmonie met die twee temas wat na vore kom in hierdie sin. Die hele Evangelie getuig van God as goed en die mens as sondaar. Die sondeval was die resultaat van die mens wat God se opdragte en waarskuwings uitgedoof het, net omdat die wortel van eie-godwees gelok het. Die vloed bewys dat dit die waarheid is van die mens in geheel. 1 Pet. 3:20 *"Dit is hulle wat aan God ongehoorsaam gebly het toe Hy groot geduld met hulle aan die dag gelê het in die tyd toe Noag die ark gebou het. Net 'n klein klompie in die ark, ag in getal, is deur die water gered."*

die sakramente vir ons ingestel het om sy beloftes aan ons te beseël, om tekens van sy goedheid en genade teenoor ons te wees

Die woord "instel" speel op iets tot stand bring. Die instelling van Doop en Nagmaal verwys na 'n handeling van God waartydens iets tot stand gebring is. Daardie instelling bestaan steeds. Anders as met menslike instellings verander dit wat God instel nie oor tyd van aard nie. Dit is God self wat 'n instelling verander, en

dan met goeie rede. Daar is twee voorlopers tot hierdie instelling van Doop en Nagmaal, albei ook sake wat op die liggaamlike en tasbare inspeel. In die Ou Testament tyd het God onder andere die besnydenis en Pasga ingestel. Besnydenis en Pasga was kultiese handeling wat die volk moes navolg as deel van die ou verbond. Die nuwe verbond het sy eie "kultiese handeling". Net soos met die ou verbond, is dit God wat dit instel. Die doop is (volgens die doopformulier) in die plek van die besnydenis. Die Nagmaal is ingestel tydens die Pasga en dui duidelik op 'n soortgelyke boodskap as die Pasga.

Die instelling van die sakramente is nie gedoen om die mens te veroordeel of te bind nie. God se instelling van die sakramente is nie die daad van 'n tiran wat mense wil vasbind aan wettiese slawerny of rituele volging van voorskrifte nie. Die sakramente is ingestel in verbintenis met God se beloftes. God se genade, soos blyk uit Sy beloftes, is die rede vir ons saligheid. God het die sakramente ingestel om ons te verseker dat die beloftes waar is, en geld tot met die wederkoms - net soos die besnydenis en Pasga gegeld het tot met die koms van die Messias.

'n Seël is iets wat 'n item of saak bevestig of bekragtig. Om iets te beseël is om 'n waarmerk op 'n voorwerp of item aan te bring wat die egtheid of suiwerheid daarvan bewys of bekragtig. Die APK (Afrikaanse Protestantse Kerk) vertaal hierdie gedeelte deur te verwys na die sakramente as "pande" ('n Engelse vertaling gebruik die woord "*pledge*"). Dit maak nie saak of ons die sakramente pande of tekens noem nie, hulle is items wat herinner aan 'n saak wat

ondubbelsinnig is. 'n Trouing is nie 'n ornament nie, dit is 'n teken en herinnermeganisme vir almal wat dit sien, nie net vir diegene wat dit dra nie. So is die sakramente waarmerke van God se goedheid en genade.

Tekens soos die reënboog is daar om die mens te herinner aan 'n gebeurtenis, 'n geaardheid of belofte. God se goedheid en guns word deur twee tekens aan ons bevestig. Ons word deur die sakramente herinner aan God se ontferming.

Ons word telkens by doopgeleenthede herinner aan ons eie doop, net soos die besnydenis persoonlik eenmalig was, maar gemeenskaplik gedien het as herinnering. Die Nagmaal herinner ons - so dikwels ons dit gebruik - aan Jesus se soenoffer aan die kruis. Die Pasga het die volk jaarliks herinner aan die verlossing uit Egipte.

en om ons geloof te voed en in stand te hou.

Die sakramente is meer as net tekens wat diens as waarborg en instrument om mense te herinner. Doop en Nagmaal is beide instrumente in God se hand om ons geloof te voed en te onderhou. Geloof na sy aard is nog nie deur die mens ten volle verstaan of beskryf nie. Ons verstaan dalk bietjie meer as ander geslagte - en dalk nie. Dit is net God wat die aard van geloof ten volle ken. Al is geloof sterk en onwrikbaar, is dit tog nog ook broos en swak. Geloof soek nie bevestiging nie, dit het nodig om gevoed en in stand gehou te word. Hierdie voeding gebeur gereeld deur die prediking van die Woord. Tog is daar meer as een vorm van voeding, en die sakramente spreek hierdie behoefte aan.

In die volgende uitgawe van Die Skietlood sal Artikel 33 verder bespreek word.